VOLKSBLAD
Tuesday, 3 March 2009, p. 5

Nasionale klimaatbeleid bespreek

■ JORISNA BONTHUYS

KAAPSTAD. – 'n Beraad oor die skep van 'n nasionale klimaatbeleid – wat veranderings aan fiskale beleid en wetgewing kan meebring – begin vandag.

Dié beraad, die eerste in sy soort, word gesamentlik deur die departemente van omgewingsake en toerisme en wetenskap en tegnologie op die Gallagher-landgoed in Midrand aangebied.

Sowat 600 afgevaardigdes (van regeringsdepartemente, die sakesektor, nieregeringsgroepe en vakbonde) woon dit by.

Pres. Kgalema Motlanthe open vanmiddag dié beraad, waarna mnr. Marthinus van Schalkwyk, minister van omgewing en toerisme, en prof. Rajendra Pachauri, hoof van die VN-klimaatspaneel, programredes lewer.

Die beraad, wat tot Vrydag duur, sal dien as platform waar belanghebbendes kan beraadslaag oor 'n raamwerk vir 'n sogenaamde Nasionale Klimaatrespons-strategie.

Suid-Afrika word beskou as een van die 20 ergste besoedelaars ter wêreld en het besonder hoë CO2-vrystellings per capita.

■ Regstreekse uitsending en oudiovisuele stroomuitsending van die aanbiedings is beskikbaar op www.ccsummit2009.co.za.